**21 Maart**

**Skrifgedeelte: Handelinge 3:1-10, 19, 20**
**Fokusgedeelte: Handelinge 3:19**

## Omkeer na God toe

Ken jy 'n prentjie van 'n man wat verlam êrens sit met 'n oop hoed waarin kleingeld vir hom of haar ingegooi kan word? By die Mooipoort, waar mense moes verbyloop tempel toe, het hulle elke dag so 'n man sien sit en bedel. Almal het geweet hy kan nie beweeg nie. Skielik spring hy op, staan regop, loop en spring die tempel se bekende Pilaargang van Salomo binne. Almal was verbaas en verwonder en stroom soontoe: Hoe kan dit gebeur? Petrus gryp die geleentheid aan wat die Heilige Gees aan hom gee om Jesus te verkondig.

Dit gaan nie om die verlamde man of Petrus nie, maar om Jesus, die Leidsman van die lewe, wat hulle doodgemaak het. Dit is 'n geweldige sonde en daarom roep Petrus hulle op: Bekeer julle en kom tot inkeer (1983; *Repend and turn to God*, NIV). Twee woorde word gebruik om die erns van die oproep te beklemtoon.

Kom tot berou, bely voor God jou sonde. Verander jou gesindheid teenoor jou sonde en jou Verlosser. Draai om op die pad waarop julle is, want julle beweeg weg van God. Draai na God toe. Ons wat Christus se lewe ontvang het, bely dat die ware bekering uit twee dele bestaan: diep berou oor elke sonde en 'n begeerte om God se wil met vreugde te doen.

Ware verandering in elke gemeente bestaan uit berou, omdat ons nie voortdurend Christus se eise nakom en sy verlossing beleef nie. Ware omkeer is draai na God deur Christus se liefdesgebod na te kom. Die vernuwing van elke lidmaat en gemeente se verhouding met God, mekaar en God se wêreld sal daaruit volg. Want die belofte is: vergewing van sonde en tye van verkwikking.

*Sing: Psalm 51:1, 4 (2001)*

*Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)*